

Stellenbosch Gebedsnetwerk
7 Weke van gebed 2019

RIGLYNE VIR GEBED Week 2: 8-14 April 2019 Families

Ps 127: 3-5 *Seuns is geskenke van die Here, kinders word deur Hom gegee. 4 Soos pyle in die hand van 'n krygsman, so is seuns wat gebore is toe hulle vader jonk was. 5 Dit gaan goed met die man wat sy pylkoker so gevul het! Sulke mense het niks te vrees as hulle met die vyand in die stadspoort onderhandel nie.*

Jes 8:18 *Hier is ek en die kinders wat die Here vir my gegee het. Ons is in Israel lewende getuies van die Here die Almagtige wat op Sionsberg woon.*

Gedurende hierdie gebedsweek bid ons daaglik vir:

- Die verkiesing in Mei maand
- Ons regering (1 Tim 2: 2)
- Wetgewing in SA: Haatspraak wetsontwerp en vryheid van godsdienst

Ander uitdagings:

- Oorblywende droogte in sommige gebiede / Eskom en elektrisiteit
- Die herbou van Suid-Afrikaanse dorpe en stede se mure in geregtigheid (Jesaja 54:14) deur kerke / Sy Liggaam wat in eenheid saamwerk
- Dat ons kwaad deur die goeie sal oorwin (Rom 12:21)

Ons Straat tot Straat aksie word vanaf 8 April 2019 geaktiveer. Ons roep gelowiges dwarsoor ons dorp om in hul eie straat te bid vir julle buurt se veiligheid en dat die Here ons sal gebruik as sout en lig in die gemeenskap.

Maandag, 8 April 2019

Pa's en mans in ons gesinne

* Ef 5: 25-37 / Gen 18: 19/1 Tim 3: 2-5 / Ef 6: 4/1 Thess 2: 11,12 / Mal 4: 6 / Hebr 12: 6

- Ons bid dat mans/pa's hulle gesinne in God se weë sal lei
- Bid dat die Here mans oor SA en in ons dorp sal bemagtig vir Sy doel
- Dat mans en pa's opnuut hulle rol as Koning / Priester / Profete in hul gesin sal opneem
- Ons bid vir die regte rolmodelle vir jong mans en seuns
- Ons vra die Here dat ons nasie terug gebring sal word na die plek van erkenning van **God as ons Vader! Rom. 8:15**

Dinsdag 9 April 2019

Ma's en Vroue in Gesinne

Spr 31: 10-30 / Titus 2: 4-5 / Spr 22: 6 / Eph 6: 4 /

- Dat ma's voorbeelde vir hul kinders sal wees (Deut 4: 9)
- Dat vroue en ma's God se plan en roeping vir hulle in hulle families sal vervul
- Ons vra dat vroue in hul waardigheid in elke kultuur en gemeenskap oor SA herstel sal word
- Ons bid vir die beskerming van vroue en kinders teen soveel misbruik en mishandeling
- Ons bid dat vroue menswaardig behandel sal word en gelyke kanse sal kry in ons samelewing waar daar soveel diskriminasie is

Woensdag 10 April 2019

Ons bid vir die jeug

Mal 4: 6 / Ps 127: 4,5 / Jesaja 54: 13 / Markus 10:14

- Ons Bid datdie harte van die ouers met hulle kinders versoen sal word
- Ons bid vir Goddelike rolmodelle om kinders en jeug in Sy weë te lei
- Ons bid dat huise veilige plekke sal wees waar ouers met hulle kinders vanuit 'n verhouding sal kommunikeer en riglyne vir die lewe kan neerlê
- Ons bid vir die beskerming teen soveel versoekings en dat jongmensegoeie keuses sal maak wat hulle sal help om as vry mense te leef
- Ons bid dat kinders die tegnologie positief sal inspan en dat dit hulle nie sal wegtrek van die LIG nie
- Ons bid vir ons skole: prinsipale, onderwysers en mense wat by skole bedien

Donderdag, 11 April 2019

Ons bid vir huwelike

Markus 10: 9 / Ef 5: 22-33 / Mal 2: 15,16

- Ons vra vir die herstel van elke gebroke huweliksverhouding
- Ons vra dat God se doel met die huwelik vir jong mense duidelik sal wees
- Ons bid vir die genesing van mense wat uit gebroke huwelike kom
- Ons bid vir mense wat uit verhoudinge/huwelike kom waarin hul misbruik of mishandel is en seer gekry het. Mag Hy in staat stel om te vergewe en harte bevry van bitterheid en pyn

Vrydag, 12 April 2019

Ons bid vir ons senior burgers as deel van gesinne

Ps 92: 14,15 / Matt 19: 19 / Spr. 17: 6

- Ons bid dat senior burgers die krag van hulle gebede sal herontdek
- Ons vra dat hulle families hulle sal waardeer en getrou sal wees deur kontak te hou en hulle in hul lewens in te sluit
- Ons bid dat hulle gerespekteer sal word en hulle ervaring waardeer word waar die Here hulle wil gebruik
- Ons vra vir hernuwing van hul gedagtes om hande te vat met mense uit verskillende kerke en kulture om die seën van eenheid te ontdek en die krag om saam te bid

Saterdag 13 April 2019

Ons bid vir mense wat gesinne dien (huis-, tuin- en plaaswerkers).

Johannes 13: 14,15 / Matt 20: 26-28 / Fil 2: 4-8 / 1 Tim 6: 1,2

- Ons dank die Vader vir mense wat Stellenbosch dien - op plase, in huise, in besighede en op alle gebiede
- Dat hulle regverdig behandel sal word en hulle salarisse daarvan sal getuig (Jakobus 5: 4)
- Ons bid vir goeie verhoudings met mense wat hulle dien
- Ons vertrou die Here vir die genesing van die reënboognasie om mekaar te dien (vry van twis / rassisme / onvergewensgesindheid) 1 Pet 4: 8

Sondag 14 April 2019

'n Tafel van aanbidding Ps 24

- Ons aanbid God en roep Sy seën en vrede oor ons bergtoppe en ingange van Stellenbosch. Ons vra Sy Gees om ons hele dorp met Sy teenwoordigheid te vul.